

SUSTER, ROEP JY?

In Spreuke 1 word Wysheid 'n vrou genoem. Nie somer enige vrou nie, 'n vrou wat roep. Wat roep dat sy ons wysheid wil leer. Ons wil onderrig en met kennis toerus. In hoofstuk 7 word Wysheid my suster genoem en in hoofstuk 8 word ook na Insig as 'n vrou verwys. Insig roep ook, laat haar stem hoor. Eintlik staan daar dat Wysheid en Insig skree. So belangrik is hulle boodskap. Hulle wil ons opvoed, die regte pad aanwys sodat ons die lewe kan vind. Hulle wil vir ons padwysers en rigtingborde wees. Dring hard by ons aan om te luister. Maar ook beslis dan om te gaan en te gaan doen wat hulle aan ons oorgedra het.

Spreuke 11 en 12 praat van 'n deugsame, knap en goeie vrou. Een hoog in aansien by die mense. 'n Verstandige vrou wat vir haar huisgesin sorg. So 'n vrou is hoog in aansien. Sy is 'n geskenk van die Here. 'n Genadegawe van ons Hemelse Vader. Geseënd is sulke vroue. Eer hulle. Gee eer aan jou moeder, jou vrou, jou suster.

Ongelukkig verwys die Spreukedigter ook negatief na sekere tipes vrouens. In hoofstuk 9 word van Dwaasheid ook as vrou gepraat. Sonder begrip en kennis. En kan ons byvoeg, sonder enige wysheid en gesonde oordeel. Haar skoonheid is "soos 'n goue ring aan 'n vark se snoet." Hoe vreeslik! Van 'n slegte vrou word selfs as 'n vretende kanker gepraat.

Daar word ook gewaarsku teen 'n vrou wat neul en wat kyf. Wat twis en wat stry. Teen slegte, gevaarlike vroue. Sedelose, ontroue verleidsters. Wellustige vroue wat mans opeet. Wat ook roep, maar roep vanaf en na die verkeerde paaie toe. En daar is so baie paaie en afdraaipaaie! Pasop! Pasop! Laat Wysheid hard roep. Laat ons na Wysheid luister, nie na Dwaasheid nie.

Hoe wonderlik egter dat Spreuke nie op so 'n somber noot afsluit nie, maar afsluit met 'n wyse vrou en moeder se voorskrifte en raad aan haar koningseun. Sy het hom immers by geboorte reeds 'n naam gegee wat hy nooit sou kon vergeet nie: "aan God gewy." Sy skets vir hom in digterlike taal die vrou wat hy moet soek. Een wat hom deur vlyt en wysheid en ander goeie deugde sal help om aan God gewyd te lewe en te regeer. En so sy naam gestand te doen. Spreuke begin en sluit dus af met die vrou Wysheid. Wysheid wat roep.

Suster, roep jy?

Jan Lubbe (Benoni)